KRUISKERK.CO.ZA
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Markus 11: 1-11
**Tema :** Populisme, Verwagtinge en loutering.
Hoekom ry Jesus op 'n donkie?

## BROODJIES VIR DIE PAD

"It is not easy to convey a sense of wonder, let alone resurrection wonder, to another. It's the very nature of wonder to catch us off guard, to circumvent expectations and assumptions. Wonder can't be packaged, and it can't be worked up. It requires some sense of being there and some sense of engagement."
— Eugene H. Peterson

"Do not depend on the hope of results. You may have to face the fact that your work will be apparently worthless and even achieve no result at all, if not perhaps results opposite to what you expect. As you get used to this idea, you start more and more to concentrate not on the results, but on the value, the rightness, the truth of the work itself. You gradually struggle less and less for an idea and more and more for specific people. In the end, it is the reality of personal relationship that saves everything."
— Thomas Merton

"Jesus gave us a model for the work of the church at the Last Supper. While his disciples kept proposing more organization – Hey, let's elect officers, establish hierarchy, set standards of professionalism – Jesus quietly picked up a towel and basin of water and began to wash their feet."
— Philip Yancey, Church: Why Bother?: My Personal Pilgrimage

"Indeed, for Christians, the unending conversation about Jesus is the most important conversation there is. He is for us the decisive revelation of God—of what can be seen of God's character and passion in a human life. There are other important conversations. But for followers of Jesus, the unending conversation about Jesus is the conversation that matters most."
— Marcus J. Borg, Jesus: Uncovering the Life, Teachings, and Relevance of a Religious Revolutionary

"We all remain who we are. But on the way to healing or liberation we have to do what the Romans called agere contra: we have to act against the grain of our natural compulsions. This requires clear decisions. Because it does not happen by itself, it is in a way "unnatural" or "supernatural" . . . (we) simply have to cut loose now and then, and in the process . . . make mistakes."
— Richard Rohr

"Today the earth is populated with billions of people desperately hoping to "get somewhere," but having no idea of where they're going."
— Neale Donald Walsch, The Only Thing That Matters

"The sad truth is that man's real life consists of a complex of inexorable opposites—day and night, birth and death, happiness and misery, good and evil. We are not even sure that one will prevail against the other, that good will overcome evil, or joy defeat pain. Life is a battleground. It always has been and always will be; and if it were not so, existence would come to an end."
— C.G. Jung, Man and His Symbols

"I think there's a difference between (a) offending people for its own sake, which I don't necessarily want to do, because some people are good and decent and it would be unkind to upset them simply to indulge my own self-importance, and (b) challenging their prejudices, their preconceptions, or their comfortable assumptions. I'm very happy to do that. But we need to be on our guard when people say they're offended. No one actually has the right to go through life without being offended. Some people think they can say "such-and-such offends me" and that will stop the "offensive" words or behaviour and force the "offender" to apologise. I'm very much against that tactic. No one should be able to shut down discussion by making their feelings more important than the search for truth. If such people are offended, they should put up with it."
— Philip Pullman

"We must never underestimate our power to be wrong when talking about God, when thinking about God, when imagining God, whether in prose or in poetry. A generous orthodoxy, in contrast to the tense, narrow, or controlling orthodoxies of so much of Christian history, doesn't take itself too seriously. It is humble. It doesn't claim too much. It admits it walks with a limp."

— Brian D. McLaren, A Generous Orthodoxy: Why I am a missional, evangelical, post/protestant, liberal/conservative, biblical, charismatic/contemplative, fundamentalist/calvinist, anabaptist/anglican, incarnational, depressed-yet-hopeful, emergent, unfinished Christian

**Tanya van Wyk: As mense in die openbaar vir jou wil bid**

Het wildvreemdelinge jou al in die openbaar gevra of hulle vir jou kan bid? Dit het al dikwels met my gebeur en gewoonlik kies ek die hasepad. My ervarings van openbare gebede en spontane sypaadjie-verklarings van geloof is meestal maar naar.

In die hoërskool het ’n onderwyseres wat betrokke was by die Christelike Studentevereniging (CSV) ’n tyd lank op Donderdae gedurende tweede pouse in die skoolsaal daarop aangedring dat almal in groepe moet staan en bid dat ons in tale kan spreek. Net ’n handjievol het dit reggekry en ons wat nié kon nie, het nooit die moed gehad om die ander daaroor uit te vra nie.

Dit was die begin van ’n eerste geloofskrisis in my lewe, totdat ek besef het mense se geloofsuitdrukkings is nie dieselfde nie en dat die onderwyseres die verantwoordelikheid wat sy ontvang het, versaak het omdat sy een vorm van daardie geloofsuitdrukking wou afdwing.

As volwassene het ek ’n renons in mense wat iemand wil dwing om op ’n bepaalde manier hul geloof te bely. ’n Tweede ervaring, byna 15 jaar gelede, het my opnuut naar gemaak oor gedwonge, openbare gebed. In die middel van ’n traumatiese verbrokkeling van ’n verhouding ten tyde van ’n uiters openbare geleentheid het iemand gedink die remedie daarvoor was om sy hande oop te sprei, op koppe te druk en te bid. Terwyl vernedering en seer soos bloed deur jou are stroom, was daardie gebed soos ’n goedkoop pleister op ’n gapende wond wat nog nie eens skoongemaak is of steke het nie.

Ten laaste moet ek ook noem dat wanneer ek gewoonlik êrens in ’n winkelsentrum of op straat voorgekeer word met die woorde: “Ek glo in Jesus Christus. Kan ek jou oor Hom vertel?”, en ek antwoord dat ek Hom wel ken en dat ek ’n dominee en ’n teoloog is, die gort gaar is. My ervaring was (sonder uitsondering) dat teoloë in so ’n situasie met agterdog bejeën word, veral dié aan openbare universiteite. Dan volg daar dikwels aggressiewe pogings om my van spesifieke interpretasies van Genesis en Openbaring te oortuig.

Toe twee mans my dus onlangs op ’n Saterdagoggend-wandeling voorkeer en my van Jesus wil vertel, toe verskyn die veg-of-vlug-instink vinnig. Dit is immers Suid-Afrika en ek onthou blitsvinnig al die vorige bewysstukke van sulke geleenthede. Hul lyftaal is darem nie bedreigend of opdringerig nie.

Hulle bly rustig toe ek hulle vertel waar ek werk. Hulle vra of hulle vir my kan bid en waarvoor. Ek hoor hoe ek “ja” antwoord en selfs een toelaat om met sy vingerpunte aan my skouer te raak. Oor die teologie van hul gebede is ek nie gemaklik nie. Maar, ná dié andersoortige ervaring dink ek so by myself toe ek verder aanstap L.C. de Villiers-kampus toe: Opregte gebed is mooi en goed.

En elkeen van ons het meer daarvan nodig – ook in hierdie land.

*• Van Wyk is medeprofessor in sistematiese teologie by die Universiteit van Pretoria. Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

---

## BROOD VIR DIE PAD

**Geestelike waardes: Ons moenie laaste en voorlaaste met mekaar verwar nie**

In hierdie dae vier die Suid-Afrikaanse teoloog John de Gruchy sy 85ste verjaardag.

De Gruchy is bekend om sy invloedryke boek The Church Struggle in South Africa, asook vir talle belangwekkende werke oor temas soos teologiese estetika, demokrasie, geregtigheid, versoening, Christelike humanisme, en die monniktradisie.
Voorts is De Gruchy ’n internasionaal gerekende kenner van die lewe, werk en nalatenskap van die Duitse teoloog Dietrich Bonhoeffer en sluit hy dikwels by Bonhoeffer aan in sy denke oor die betekenis van die evangelie vir ons dag.

Een van die insigte van Bonhoeffer wat as ’n kernidee in De Gruchy se werk neerslag vind, is die onderskeid tussen die laaste en die voorlaaste dinge (waaroor ons lees in Bonhoeffer se onvoltooide werk oor die etiek). Die laaste dinge dui op dit wat wesenlik en van deurslaggewende belang is, en vir Bonhoeffer is dit God se beslissende woord en gebeure van genade. Die voorlaaste dinge het weer te make met óns lewe, ideale en agendas. Hierdie voorlaaste dinge is belangrik, selfs uitermate belangrik, maar ons moet

waak om óns dinge tot die status van God se dinge te verhef.

De Gruchy sluit dikwels by hierdie onderskeid van Bonhoeffer aan, soos wanneer hy dit aanhaal as motto vir sy boek The End Is Not Yet: Standing Firm in Apocalyptic Times (2017): "What happens here is something penultimate . . . But this penultimate thing is related to the ultimate. It is pen-ultimate, before the last. The entry of grace is the ultimate."

Belangrik vir Bonhoeffer, en ook vir De Gruchy, is dat ons nie die laaste en voorlaaste met mekaar moet verwar nie. In wese is dit afgodery. As die leier sy aardse gesag met God se gesag verwar, word die leier maklik 'n misleier. As óns belange of groep met God se koninkryk verwar word, lei dit maklik tot onderdrukking, verontmensliking en vernietiging.

Óns spreke is nie die laaste woord nie. Om met geloof te lewe beteken dan ook – soos De Gruchy teen die einde van The End Is Not Yet skryf – om te leef met die verwagting dat die laaste woord aan God behoort, en dat dit 'n woord van genade sal wees.

En só 'n verstaan van "die laaste" nooi ons om ánders na dinge te kyk.

Om ook "die voorlaaste" – ons lewe hier saam – te sien as goed en mooi. En om hier en nou – in die woorde van Bonhoeffer in 'n brief uit die gevangenis – te bid, te doen wat reg is, en te wag op God se tyd. – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*